Sing vooraf: Psalm 45:15 (p. 233)

15 Wanneer u vaders heen moet gaan, / sal in hul plek u nakroos staan.
U vestig hul met vaste hand / as vorste in die ganse land.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 90:9 (p. 456)

9 Laat ons u werk aanskou wat nooit beswyk nie! / Laat van ons kroos u heerlikheid nie wyk nie!
Laat oor ons aanlig al u lieflikhede! / En, HEER, verhoor ons in ons laaste bede:
Bevestig by die onguns van die tyd, / bevestig tog ons werk in ewigheid.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met: Psalm 130:2 (p. 635).

Wet

Psalm 130:2 (p. 635)

2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 128:4 (p. 628)

4 Mag ryke seëninge / uit Sion jou bedou; / mag jy dié goeie dinge / van Sionstad aanskou!
mag jy nog, op jou bede, / 'n nakroosseen verkry! / En, God van alle vrede, / mag Isr'els vrede bly!

Skriflesing: Numeri 32

Teks: Numeri 32:14

En kyk, julle het opgestaan in die plek van julle vaders, 'n egte kroos van sondige mense, om die toorngloed van die HERE teen Israel nog te vermeerder. (Numeri 32:14 AFR1953)

Net voordat die Israeliete oor die Jordaan in Kanaän ingetrek het, het die stamme van Ruben en Gad na Moses en die owerstes van die volksvergadering toe gegaan met 'n versoek.

- Hulle wou nie verder trek nie.
- Hulle was veeboere, en hulle het die stuk land wat Israel van die Amoriete afgeneem het, goed deurgekyk, en toe besef dat dit die ideale grond is waarop mens met vee kan boer.
- Hulle versoek was nou dat hulle hierdie stuk grond vir hulle kan kry, dat hulle net daar kan bly.

Die agtergrond hiervan kry ons al in hoofstuk 21 waar verhaal word dat Sihon, die koning van die Amoriete, geweier het dat Israel met die koningsroete deur sy grondgebied trek.

- Hy het nie net toestemming geweier nie – hy het selfs opgetrek om teen Israel te veg.
- Dit het Israel gedwing om hulle pad oop te veg in die land in.
- Sihon is toe verslaan en hulle het sy grondgebied vir hulle gevat.
- Daarna het hulle teen Og geveg en ook sy land in besit geneem.

As ons dit in gedagte hou, kan ons verstaan waarom hierdie versoek Moses so kwaad gemaak het.

- As hy en sy volksraad hierdie twee stamme se versoek sou bewillig, sou dit beteken dat die eenheid van Israel opgebreek word.
- Vergelyk gerus wat Debora sing in Rigters 5:15-17.

Daar sê sy dat Ruben en Gilead – die mense wat oorkant die Jordaan bly – net voornemens gehad het om te veg, maar hulle het by die huis gebly en geluister na die fluitspel van die veewagtertjies.

- Hulle het nie saam met die ander stamme geveg om hulle grondgebied te beveilig nie.
- Moses se versiendheid kan net bewonder word, want dit wat hy gesê het, het baie later presies so gebeur.

Moses het daarby nog ’n gevaar gesien.

- As Ruben en Gad weier om verder te trek, sou dit ook beteken dat die ander stamme ook nie wil verder trek en oorlog maak om die land in te neem nie (v. 7).

As ons dit op onsself sou toepas, is dit duidelik dat dit gevaarlik is dat ’n deel van die gemeente verslap – hulle kan die res van die gemeente aansteek.

- Die hele gemeente moet waak teen slapheid, want as hulle nie die slappes vermaan en tug nie, gaan die ongehoorsames juis die negatiewe toestand in die kerk laat vererger.

Ek sê dit omdat die ander stamme Ruben-hulle se versoek maar net by hulle laat verbygaan het.

- Hulle het nie saam met Moses gepraat en die twee stamme vermaan omdat hulle oorkant die Jordaan bly vassteek het nie.
- Dit sal verkeerd wees as ons dink dat selfsug nie ook ’n rol gespeel het in hierdie versoek nie.
- Die mense was moeg getrek en moeg geveg – daarom het hulle besluit dat hulle nou na hulle eie belange gaan omsien, en die res moet maar vir hulleself sorg.

Moses het hulle versoek ook só verstaan dat hulle hul nou rustig wil vestig terwyl die ander stamme nog jare lank sal moet veg om hulle grondgebied in besit te kry.

- Dit is verkeerd, want gelowiges moet nooit uit selfsug hulle eie belange altyd eerste stel nie.
- Hierdie houding van Gad en Ruben het inderdaad ’n negatiewe inwerking op die hele volk gehad.

Daar was al tevore ’n soortgelyke situasie.

- Dit was toe die volk in Kades-Barnea was.
- Dit is die geskiedenis toe die twaalf verspieders uitgestuur is.
- Toe die groep terugkom, was daar net twee wat gesê het dat hulle verder moet trek.

Die ander tien het ’n slegte gerug aangaande die land versprei – sê die Bybel (Numeri 13:32):

> **So het hulle dan slegte gerugte onder die kinders van Israel versprei oor die land wat hulle verken het, deur te sê: Die land wat ons deurgetrek het om dit te verken, is ’n land wat sy inwoners verteer; en al die mense wat ons daarin gesien het, is groot manne.** (Numeri 13:32 AFR1953)

- Daardie gebeurtenis het Israel daarvan weerhou om onvoorwaardelik aan die Here se belofte vas te hou en Kanaän in te trek.
- Die slegte gevolg daarvan was dat die Here baie kwaad geword het en dat die volk vir veertig jaar lank in die woestyn moes rondswerf totdat almal wat in Egipte was, doodgegaan het.

U moet mooi snap wat die fout was wat die tien verspieders gemaak het:

- Die Here het nie gesê hulle moet die land gaan verspied om te kyk of hulle dit kan inneem nie.
- Sy opdrag was baie duidelik dat hulle dit moet inneem, en daarmee saam was die belofte dat Hy dit as ’n erfdeel vir hulle gee.
- Hulle moes net gaan kyk hoe hulle dit moet doen.

Moses het ’n parallel gesien tussen daardie gebeurtenis en hierdie een, en Hy was bang dat die versoek van Ruben en Gad die volk weer ’n keer onwillig sou maak om die land binne te trek.

- Dit sou op sy beurt die Here weer kwaad maak, soos daar by Kades-Barnea, en dat daar dan weer die een of ander straf daaruit na vore sou kom.
- Moses het baie goed verstaan dat die Here se genade ten opsigte van die land/grondgebied wat hulle kry, grense het.
- Eers as hulle oor die Jordaan getrek het, was hulle binne die gebied van belofte.

Die versoek van Ruben en Gad was so al asof hulle tevrede was om buite die grense van die Here se genade te bly – so asof dit wat die wêreld van hulle tyd vir hulle gebied het, genoeg was.

So dink en maak ’n ware gelowige nie.

Dit is waarom Moses vir hulle sê dat hulle ’n jong geslag is wat die plek van hulle ouers volmondig inneem.

- Normaalweg sou mens kon dink dat dit nogal vleiend is as jy jou ouers se plek kan volstaan, maar Moses maak dit baie duidelik dat dit beslis nie is wat hy bedoel nie.
- Hulle staan hulle ouers se plek goed vol in hulle sonde en kortsigtigheid.
- Hulle ouers is sopas maar almal dood nadat hulle vir veertig jaar lank gestraf is: Hulle moes rondswerf totdat hulle almal doodgegaan het.

Wat Moses eintlik sê vir die geslag wat daar voor hom staan, is dat hulle slegter is as hulle ouers, want hulle is nie eers in staat om deur die straf van die Here geleer te word nie. Dit is die punt waaraan ons ook moet aandag gee.

Watter produkte het ons as ouers gelewer in die kinders wat ons het?

- Ken jou kind die grense wat die Here rondom ons trek – die grense van die Here se genade en die grense waarbinne ons moet bly om gehoorsaam te wees?
- Dit is belangrik dat ons daaroor besin, want waarom is daar die hele wêreld vol ’n verlies aan geloof en belangstelling om die Here Jesus te dien?
- Wat sien ons kinders by ons? Laat die invloed wat van ons af uitgaan, ons kinders ook onverskillig staan teenoor aanbidding van die Here?

Waar staan ons self ?

- Is ons ’n geslag wat beter is as die wat voor ons was, of is ons dalk soos die mense met wie Moses gepraat het toe hy gesê het dat hulle in hulle sondes presies so sleg, en selfs slegter as hulle voorouers is?
- Is u onbewoë oor die res van die gelowiges? Die Nagmaalsformulier sê dat ons mense wat in sondes volhard, moet weghou van die Nagmaal af ter wille van die reinheid van die gemeente!

Ons kan nie kom Nagmaal gebruik as ons soos die tien verspieders elke keer terugdeins vir die opdragte wat die Here ons gee nie.

Is ons almal ewe begaan en nougeset in ons verhouding met die Here?

Ons maak reeds weer gereed vir ’n Nagmaalviering.

- Die Nagmaal gaan u ook troos omdat ons nie soos daardie woestynjode as kinders van sondige mense voor die Here staan nie.
- Ons staan voor die Here as sy eie kinders omdat Jesus Christus se kruisdood ons verander het.
    - Hy het ons kinders van God gemaak – daarom moet u Nagmaal toe kom.

Daarom behoort daar nie van ons gesê te kan word dat ons ons ouers se sondes oortref nie.

- Daar behoort gesê te kan word dat ons al ver gegroei het in die proses om heiliger te word as wat ons was.
- Ons kan daaraan werk dat ons beter word as ons in ons bekeringslewe aandag gee daaraan dat ons altyd die eer van die Here voorop stel in ons hele lewe.

Verder moet ons altyd die belang van die eenheid van God se kerk eerste stel.

- Moenie soos Ruben en Gad sommer u eie gang gaan en die kerk daardeur verswak teen die aanslae van die duiwel nie.
- Kom na die Nagmaal toe in die eenheid van die ware geloof.
- En ook in die eenheid van ons stryd en verset teen die aanslae van die duiwel.

Hierdie saak is belangrik omdat die kerk in sy eenheid teen die sonde sal moet stry totdat die Here kom – net soos wat die Israeliete in hulle eenheid moes stry om hulle land in besit te neem.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 68:8 (p. 333)

8 Gods eng'lemagte bo die swerk / het, tien en tien maal duisend sterk, / slagvaardig uitgeswewe;
by hulle is sy majesteit / 'n Sinaï in heiligheid, / deur bliksemlig omgewe.
U het omhoog gevaar vol eer; / die kerker was u buit, o HEER, / en gawes u beloning
wat neerdaal op die mensekind; / selfs wie opstandig is, dié vind / by U, o HEER, 'n woning.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
GereformeerdeKerk Bellville
Datum: 4 Mei 2008 (oggend)